40 Minute
BYBELTUDIES

6-Weke
Studieprogram

# LEEF WAT JY BELY

PRECEPT
MINISTRIES
SUID-AFRIKA

Kay Arthur

LEEF WAT JY BELY
Gepubliseer deur PRECEPT MINISTRIES SUID-AFRIKA
Posbus 539, Howard Place, 7450
met toestemming van WATERBROOK PRESS
2375 Telstar Drive, Suite 160
Colorado Springs, Colorado 80920, USA.
*A division of Random House, Inc.*

*'n Vertaling van die boek*

HOW TO WALK THE WALK YOU TALK

Deur Kay Arthur

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Kopiereg © 2005 Precept Ministries (SA)

ISBN: 978-1-934884-12-6

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n ontsluitingstelsel bewaar of weergegee word, in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie.

Gedruk deur Mills Litho, Kaapstad.
2008

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagete groep by die werk; vir 'n vroegoggendmannegroep; vir 'n jongmoedergroep in 'n huis; vir 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het – soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe – en wat net 'n deel van hul tyd saam wil bestee aan werklike studie, terwyl die orige tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig én saam* kan voltooi. Die bespreking van die insigte wat jy verkry het oor wat God sê omtrent die onderwerp, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of 'n onderwyser nie. Maar as hierdie boek in 'n Sondagskoolklas of in 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en ander insigte by te voeg bý die wat in die les van elke week voorsien word.)

As *jy* jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Gaan deur die les en merk die teks voordat jy die groep lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die groep met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool, sodat dit vir jou makliker kan wees met die lei van die groep tydens die instruksies vir die merkery.
- Begin as leier van die groep by die begin van die teks en lees dit

eenvoudig hardop volgens die orde in die les insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die Skrifverse lees, laat die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is maar net daar om jou die materiaal te help hanteer. Baie keer sal jy vind dat, sodra die klas oorgaan tot die bespreking, hulle self die vrae sal stel. Onthou die besprekingsvrae is daar om die groep by die onderwerp te hou; nie om die bespreking te onderdruk nie.
- Onthou dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die les van elke week. Maak seker dat elkeen baie geleenthede het om aan die besprekings van die week deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, moet jy vry voel om 'n les oor meer as een byeenkoms te laat strek. Maar onthou: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag as om mense te hê wat uitsak weens 'n afname in belangstelling.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy vriendelik en opgewek die groep herinner om gefokus te bly op die waarheid van die Skrif. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat die mens sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý woord ís die waarheid (Joh. 17:17).

# LEEF WAT JY BELY

Waarskynlik ken jy die uitdrukking "Op my erewoord." Dalk het jy dit vir iemand gesê toe jy vir hom iets beloof en hy daarop geantwoord het: "Regtig? Ons sal sien."

En dis soos sake staan! Hulle *sal* wag en kyk of jou belofte regtig waar is; of dit werklik gaan gebeur – of jy die dáád by die woord gaan voeg.

En dit is wat jy sélf gaan vasstel terwyl jy 'n paar gedeeltes van die boek Efesiërs *induktief* bestudeer. Met induktief bedoel ons dat jy sélf gaan vasstel wat God sê oor die wandel van 'n ware gelowige in Jesus Christus, eerder as om net te luister na wat ánder oor die onderwerp sê.

## BESPREKING

***Leier:*** *Laat die groep omtrent tien minute lank die onderstaande vrae bespreek. Hulle kan, as hulle wil, hul insigte neerskryf onder die vraag of in die kantlyn.*

Ken jy mense wat oor hul Christenskap praat, maar dit tog nie regtig uitleef nie – of ten minste nie op die manier wat jy dink hulle behoort te leef nie? Wat laat jou wonder, twyfel?

- Hoe dink jy behoort Christene te leef in...

  hul verhouding met God?

  hul verhouding met hul huweliksmaat?

  hul verhouding met ander?

  hul verhouding met hul vyande?

- Wat dink jy behoort hul standaarde te wees?
- En wat van hul sedes?
- Wat dink jy behoort ’n Christen se perspektief te wees van die Woord van God, die Bybel? Hoe sal jy die verhouding beskryf wat ’n Christen behoort te hê ten opsigte van die Bybel?
- Wat dink jy is sommige van die dinge wat mense weerhou van wat hulle behoort te wees? En hulle weerhou om te glo wat die Woord van God oor hulle sê?

## WAARNEMING

Ons gaan binne twee weke in die Bybel kyk na die vierde en vyfde hoofstuk van Paulus se brief aan die Efesiërs en dit van naderby beskou. Hierdie hoofstukke gaan oor die uitleef van dit wat ons as Christene bely.

Ter voorbereiding hiervan gaan ons eers na onsself kyk vanuit die Woord van God se perspektief. Wat sê Hy van hulle wat waarlik sy kinders is – wat in Jesus Christus glo en Hom gevolglik aangeneem het as hul Heer en Redder?

***Leier:*** *Lees hardop Efesiërs 1:1.*

**INSIG**

"*Gelowiges*" in vers 1 kan ook vertaal word "*getroues*." (NASB)

**EFESIËRS 1:1**

Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus.

## BESPREKING

Wanneer jy die Woord van God lees, moet jy leer om genoegsaam stadig te werk sodat jy werklikwaar verstaan wat God sê. Die Bybel is werklik die Woord van God en is geskryf sodat jy die waarheid kan ken en daardeur kan leef.

Hierdie studie help jou om die induktiewe studievaardigheid van waarneming te ontwikkel deur die teks te kruisvra met wat bekend staan as die 5 W's en H-vrae – *wie, wat, wanneer, waar, waarom* en *hoe*. Kom ons pas dit toe op vers 1:

- Wie skryf die brief? Wie is hy? Hoe het hy geword wat hy geword het?
- Aan wie skryf hy?
- Waar is hulle?
- Wat word hulle genoem?
- Hoe word hulle beskryf?

**Efesiërs 1:2-8**

2 Genade vir julle en
vrede van God, onse
Vader, en die Here
Jesus Christus!

3 Geseënd is die God
en Vader van onse Here
Jesus Christus wat ons
geseën het met alle
geestelike seëninge in
die hemele in Christus,

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees hardop Efesiërs 1:2-8. Terwyl jy lees, laat die studente jou in die teks volg en elke plek merk waar* ***ons*** *voorkom. Hulle kan dit met dieselfde kleur inkleur of dit net omkring.*

**INSIG**

Die woord *voorbeskik* in die Grieks, die taal van die Nuwe Testament, is *prooritzo*. Dit kom van twee woorde en as dit saamgevoeg word, beteken dit "om vooruit te beperk" en figuurlik "voorbeskik." Wanneer hierdie woord gebruik word, is dit belangrik om te weet *wie* en *waarvoor* voorbeskik is.

Die woord *verlossing* is in die Griekse taal *apolutrosis* en verwys na 'n vrylating ná die betaling van 'n losprys. Volgens Efesiërs 1:7 is die losprys die bloed van Jesus Christus wat die Christene van hul sonde verlos het.

4 soos Hy ons in
Hom uitverkies het
voor die grondlegging
van die wêreld om
heilig en sonder gebrek
voor Hom in liefde te
wees,

5 deurdat Hy ons
voorbeskik het om ons
as sy kinders vir Hom-
self aan te neem deur
Jesus Christus, na die
welbehae van sy wil,

6 tot lof van die
heerlikheid van sy
genade waarmee Hy
ons begenadig het in
die Geliefde.

7 In Hom het ons
die verlossing deur sy
bloed, die vergifnis van
die misdade na die
rykdom van sy genade,

8 wat Hy oorvloedig
aan ons bewys het.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Laat die studente weer die gedeelte lees.*

- *Laat hulle dié keer elke plek merk waar die frases **in Hom, in Christus** en **in die Geliefde** voorkom. Hulle kan dit merk met 'n wolk soos dié:* 
- *Laat hulle ook elke plek waar die woord **na** voorkom, merk met 'n kronkellyn, só:* 

## BESPREKING

- Begin by vers 3 en kyk na elke *ons* wat jy deur die teks omkring het en bespreek punt vir punt wat jy geleer het omtrent *ons*.
- Terwyl jy hiermee besig is, let op *waar* hierdie seëninge is. Let ook op na die *na* wat herhaal word. Wat verbind hierdie woordjie?

***Leier:*** *As daar tyd oor is, kan die studente wat wil hul waarnemings in die kantlyn lys.*

- Wat is jou indruk van wat jy waargeneem het? Hoe voel jy noudat jy met sekerheid weet dat die dinge wat jy gemerk het, ook van *jou* waar is?

- Hoe vergelyk dit met die lewe wat jy gewoonlik leef?

## SAMEVATTING

Ons gedrag word dikwels bepaal deur die beeld, die persepsie wat ons van onsself het. Wat ons van onsself glo, bepaal ons leefwyse.

Volgende week ondersoek ons 'n bietjie grondiger hierdie verse, asook ander wat jou sal help om jouself vanuit God se perspektief te sien. Intussen wil jy dalk met God gesels oor wat jy vandeesweek waargeneem het. Trouens, miskien wil jy Efesiërs 1:3-8a op 'n kaartjie skryf en die verse soggens drie keer hardop lees; dan weer drie keer smiddags en saans drie keer net voordat jy gaan slaap. Dit behoort 'n lekker dag – en soet drome – te verseker!